Mag vrouens as predikante en pastore aangestel word?

Die invloed van die tradisionele model van die kerk

Baie Christene vind sekere Nuwe Testamentiese voorskrifte moeilik om te verstaan omdat hulle verwysingsraamwerk die institusionele model van die kerk is. Die huidige institusionele model van die kerk is deur die invloed van eeue se mensgemaakte rituele, regulasies en tradisies gevorm waarvan baie dikwels niks te doen het met wat in die Bybel voorgeskryf word nie. Ons opinie word dikwels beïnvloed deur ons eie persepsie van wat kerk is. So byvoorbeeld verklaar 'n pastoor aan my dat daar nie 'n enkele vers in die Bybel te vinde is wat sê dat 'n vrou die leier of prediker van 'n gemeente mag wees nie. Ek het met hom saamgestem, maar geantwoord dat daar ook nie een enkele vers in die Bybel gevind kan word wat verklaar dat een man in so 'n posisie aangestel kan word nie. Dit is duidelik dat sy verwysingsraamwerk die institusionele model van die kerk is en nie wat in die Nuwe Testament voorgeskryf word nie.

Spesiale bedieninge om die die kerk as die liggaam van Christus op te bou

"En Hy het gegee sommige as apostels, ander as profete, ander as evangeliste, ander as herders en leraars ...tot die opbouing van die liggaam van Christus... **(Ef.4:10-16).**

Alhoewel dit voorkom of bogenoemde vyfvoudige bedieninge spesiaal en net manlik was, skryf die Nuwe Testament tog voor dat gewone gemeentelike byeenkomste oop moet wees in die sin dat elke gelowige, ongeag van geslag, 'n bydrae kan lewer: "*Elke keer as julle bymekaarkom, het **elkeen** gewoonlik 'n bydrae om te lewer: 'n psalm, 'n onderwysing, 'n openbaring...alles tot opbou van die gemeente..."* (**1 Kor.14:26-29**). Sekerlik moet die ***"elkeen"*** waarna hier verwys word ook vrouens insluit, want ***"elkeen"*** se bydrae moes tot opbouing van die liggaam dien en van wanneer af bestaan die liggaam van Christus net uit mans?

Nuwe Testamentiese bedieninge
Die vroeë apostels

Die vroeë apostels was spesiale reisende bedieninge wat in die eerste eeu verantwoordelik was vir die totstandkoming van nuwe Christelike gemeentes, nie denominasies nie.
Na die stigting van gemeentes moes hierdie apostels, deur herhaalde opvolgbesoeke en deur inligtingsbriewe, verdere leiding verskaf ten opsigte van lering en praktyk. Van hulle briewe is vir ons bewaar en in die Nuwe Testament saamgevat.

Leierskap en bedieninge in die Nuwe Testamentiese gemeente

Teen die agtergrond van hoe bedieninge en hoe byeenkomste in die Nuwe Testament gefunksioneer het, is die vraag of vrouens in die amp van predikant aangestel kan word, irrelevant. In die Nuwe Testament lees ons nêrens van 'n eenman of 'n eenvrou predikantsfiguur wat aan die hoof van 'n gemeente staan en wat al die preekwerk doen nie. Ons lees net van ouderlinge, in die meervoud, ook genoem opsieners of herders, wat leierskapsrolle in gemeentes moes vervul:

"*Ek vermaan die* ***ouderlinge onder julle...Hou as herders toesig oor die kudde*** *van God wat onder julle is, nie uit dwang nie, maar gewilliglik; nie om vuil gewin nie, maar met bereidwilligheid; ook nie as heersers oor die erfdeel nie, maar as voorbeelde vir die kudde"* **(1 Pet.5:1-3).**

Dit is so dat ons in die Nuwe Testament net van mans lees wat in leierskap as opsieners opgetree het en ook dat Jesus net mans as Sy apostels gekies het. Ons lees ook in Timoteus dat die kwalifikasies vir opsieners, of ook herders genoem, net betrekking het op mans: *"Dit is 'n betroubare woord: as iemand na 'n opsienersamp verlang, begeer hy 'n voortreflike werk. 'n Opsiener dan moet onberispelik wees,* ***die man van een vrou,*** *nugter, ingetoë, fatsoenlik, gasvry, bekwaam om te onderrig; geen drinker, geen vegter, geen vuilgewinsoeker nie, maar vriendelik; geen strydlustige, geen geldgierige nie; een wat sy eie huis goed regeer en sy kinders met alle waardigheid in onderdanigheid hou"* **(1Tim. 3:1-5).**

In die konteks van **1Timoteus 3** word die rol van die man as opsiener beklemtoon, omdat as daar van ouderlinge gepraat word, word die manlike voornaamwoord gebruik bv. "...die **man** van een vrou...wat **sy** huis goed regeer, **Hy** moet nie 'n nuweling wees nie..."

Vroue predikante of pastore?

Die vraag of vrouens in die amp van predikant of pastoor aangestel mag word is irrelevant in die konteks van hoe daar in die Nuwe Testament voorgeskryf word hoe daar in 'n byeenkoms opgetree moet word. In 'n gewone Nuwe Testamentiese byeenkoms bestaan daar nie so-iets soos een man wat voor staan en ander wat in stilte in rye vir hom sit en luister nie:
"Wanneer julle saamkom, dan het ***elkeen*** *van julle 'n psalm of 'n lering of 'n taal of 'n openbaring of 'n uitlegging—laat alles tot stigting geskied"* (**1 Kor.14:26**).

Die bediening van spesiale apostels in die Nuwe Testament – nie goeie voorbeelde van 'n een-man dominee of pastoor figuur nie

Die apostels, as spesiale gesalfde bedieninge, moes tussen nuut gestigte gemeentes rondgaan om jong gelowiges te onderrig in die beginsels wat van toepassing was op die funksionering van lokale gemeentes en daarom is die volgende skrifgedeeltes nie goeie voorbeelde vir die een-man bediening in gewone byeenkomste nie: Paulus het "...*die dissipels afsonderlik geneem en elke dag in die skool van 'n sekere Tiránnus samesprekinge gehou. En dit het twee jaar lank geduur..."* (**Hand.19:10).**
In Griekeland het Paulus drie maande bedien en in Troas, sewe dae. Omdat sy tyd daar beperk was en hy die volgende dag sou vertrek, het hy dwarsdeur die nag tot die volgende oggend toe gepraat! Hy moes baie lering vir 'n jong gemeente gee! **(Hand 20:31).**
Hierdie Skrifgedeeltes is voorbeelde van die vroeë apostels se spesiale bediening in terme van lering en praktyk vir jong gemeentes.

Die gemeentes is "*gebou op die fondament van die apostels en profete, terwyl Jesus Christus self die hoeksteen is...*" (Ef. 2:19-20).

Volgens die Nuwe Testament behoort alle gelowiges onderrig te word om leraars te wees – leraars wat ander kan leer om ander te leer, om ander te leer... *"Want hoewel julle vanweë die tyd leraars behoort te wees, het julle weer nodig dat 'n mens julle die eerste beginsels van die woorde van God moet leer... "* (**Heb. 5:12).**
Dit is net logies dat die *"julle"* wie in hierdie skrifgedeelte aangespreek word, ook vrouens moet insluit, want moet net mans die eerste beginsels van die Woord leer?
Omdat hier met 'n hele gemeente gepraat word is dit net logies om aan te neem dat daar nie soos vandag, verwag kon word dat al die gelowiges in die gemeente betaalde leraars moes wees nie. Dit beteken maar net dat elke gelowige ander moet kan leer en aan hulle oordra wat hy of sy geleer het. Dit was funksioneel, nie posisioneel nie.
Die doel van die spesiale begaafde bedieninge was om gewone gelowiges op te lei sodat hulle geestelik kon bedien:
*" En Hy het gegee sommige as apostels, ander as profete, ander as evangeliste, ander as herders en leraars, **om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk**, tot opbouing van die liggaam van Christus* **(Ef. 4:11-14).**

'n Ernstige struikelblok!

Omdat die Christendom in denominasies verdeeld is, kan die vyfvoudige bedieninge wat God vir Sy kerk gee, nie voluit funksioneer nie, want elke denominasie het sy eie geslote bedieningskring. God gaan sekerlik nie vyfvoudige bedieninge oprig om by elke denominasie se leerstellings aan te pas nie! Deur die skeiding wat denominasies veroorsaak word die liggaam van Christus van geestelike kruisbestuiwing beroof.

Rolverdelings in die Nuwe Testamentiese gemeente

In die Nuwe Testamentiese gemeente is daar verskillende rolverdelings vir mans en vrouens. Alhoewel almal in status voor God gelyk is en die geestelike gawes vir almal bedoel is en almal, mans sowel as vrouens, aangemoedig word om in 'n oop byeenkoms 'n bydrae te lewer, word daar volgens die Woord, verwag dat mans die verantwoordelikheid vir geestelike leiding en toesig moet dra. In **1 Tim.3** het al die kwalifikasies wat genoem word, betrekking op mans:
*"'n Opsiener dan moet onberispelik wees, **die man** van een vrou, nugter, ingetoë, fatsoenlik, gasvry, bekwaam om te onderrig; geen drinker, geen vegter, geen vuilgewinsoeker nie, maar vriendelik; geen strydlustige, geen geldgierige nie; een wat **sy eie huis** goed regeer..."* **(1 Tim.3:2-4).**
Alhoewel die oorspronklike apostels van Jesus Christus, met hulle unieke gawes, nie meer bestaan nie, bekwaam God tog volgens **Ef. 4:10-16**, spesiale persone om die liggaam te bedien sodat dit tot volwaasenheid kan groei:

*"En Hy het gegee sommige as apostels, ander as profete, ander as evangeliste, ander as herders en leraars, **om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk**, tot opbouing van die liggaam van Christus... "*
Verwys die *"vir hulle diens"* in bogenoemde aanhaling net na mans? Net so ook, verwys die "*julle"* in **Heb.5:12** net na mans?:
*"Want hoewel **julle** vanweë die tyd leraars behoort te wees, het julle weer nodig dat 'n mens julle die eerste beginsels van die woorde van God moet leer..."*

Moet net mans die eerste beginsels van die Woord leer?

Verwys die ***"elkeen"*** in **1 Kor. 14:26** wat in 'n oop byeenkoms 'n bydrae mag lewer, ook net na mans? Ek glo nie so nie, want in **1 Kor. 11:5** word vrouens toegelaat om onder sekere voorwaardes "*woorde van stigting, troos en bemoediging*" te "profeteer." Volgens **1Kor. 14:3** is dit 'n Nuwe Testamentiese definisie van "profeteer." Hierdie beginsel van wat "*profeteer"* in die konteks van **1 Kor.14** beteken, word bevestig deur wat Paulus verder in **1 Kor.14:31** skryf: "*Want julle kan almal een vir een profeteer,* ***sodat almal kan leer en almal bemoedig word."***

In die konteks van **1 Korinthiërs 14** het die betekenis van "profeteer" niks te doen met voorspellings vir individue nie! -

Sekere praktyke en leringe in die tradisionele, institusionele kerkmodel word gebaseer op die voorbeeld van die priesterlike bediening van die Rooms Katolieke kerk wat nooit met die Hervorming gehervorm is nie. Verder het die voorbeeld van die Ou Testamentiese priesterbediening ook 'n groot invloed. Dink maar aan die bekende uitdrukking: "Jy moenie die gesalfdes van die Here aanraak nie" as die dominie of die pastoor gekritiseer word. Min besef dat dit betrekking het op die priesters en profete van die Ou Testament (**Ps.105:15)** en dat dit niks te doen het met Nuwe Testamentiese feit dat alle wedergebore gelowiges "gesalfdes" genoem word nie:
"En julle het die salwing van die Heilige Gees en weet alles **(1 Joh. 2:20)***. " En die salwing wat julle van Hom ontvang het, bly in julle..."* **(1 Joh. 2:27).**

Die rol van die vyfvoudige bediening – Ef.4:11-12).

Die hoofdoel van die vyfvoudige bedieninge was **om alledaagse medegelowiges toe te rus om te kan bedien.** Hulle voorbeeld was die kneggesinde gesindheid van Jesus wat na die geestelike behoeftes van mense omgesien het. Hulle het gesamentlik opgetree om gelowiges op te bou en nie om 'n bevoorregte klas te skep nie.

Die vroeë **apostels** het geestelike pionierswerk in ongekerstende gebiede gedoen en in nuut gevormde gemeentes die grondslag gelê vir fundementele Bybelse waarheid.

Die **profete** het toepaslike, geïnspireerde boodskappe gebring om gelowiges te stig, te troos en te bemoedig (**1 Kor.14:1-4).**

Evangeliste het spesiale gawes ontvang om die Evangelie aan ongelowiges te bring en om ander op te lei om evangeliste te wees.

Herders. Die Griekse woord, *poimēn* beteken letterlik 'n "herder." Die benaming "pastoor" kom van die Latynse woord *pāstor,* wat ook "herder" beteken en hulle het deur woord en daad na die behoeftes van die gemeente omgesien.

Leraars het Skrifwaarhede verduidelik en gesonde lering aan gelowiges oorgedra.

Bestaan daar vandag nog vyfvoudige bedieninge?

Alhoewel die eerste geslag apostels wat deur Jesus self gekies en bemagtig is, vandag nie meer bestaan nie, moet daar egter nog steeds bedieninge bestaan wat die kerk moet bedien, want die Skrif verklaar dat hulle nodig sal wees " *om die heiliges toe te rus... **totdat** ons almal kom tot die eenheid van die geloof en van die kennis van die Seun van God, tot 'n volwasse man, tot die mate van die volle grootte van Christus..."*

Is bogenoemde doelstellings al volledig bereik? Ek glo nie! – die Skrif verklaar dat daar, **totdat 'n mate van volwassenheid bereik is,** 'n noodsaaklikheid vir bedieninge bestaan.

Plaaslike toesighouers van lokale gemeents – Ouderlinge en herders

***"** Ek vermaan die **ouderlinge presbuteros**) onder julle... Hou **as herders (poimainō)** toesig oor die kudde van God wat onder julle is, nie uit dwang nie, maar gewilliglik; nie om vuil gewin nie, maar met bereidwilligheid..."* (**1 Pet. 5:1-2)**
*"Gee dan ag op julleself en op die hele kudde waaroor die Heilige Gees julle as **opsieners (episkopos**) aangestel het om as **herders (poimainō**) die gemeente van God te versorg..."*
(Hand. 20:28).
In die vroeë kerk is dieselfde manne as *ouderlinge, herders* en *opsieners* aangespreek. **(1 Tim. 3:1-13; Titus 1:5-10; Fil. 1:1).**

Episkopos, opsiener, beteken letterlik iemand wat toesig hou.

Presbuteros word letterlik as "ouderling" vertaal en het betrekking op 'n ouer man wat gekenmerk word deur geestelike volwassenheid wat hom instaat stel om leiding en toesig te verskaf.
Diaken kom van die Griekse woord d*iákonos* wat in die Bybelse konteks bediende beteken **(Hand.6)** en wat praktiese take uitvoer.

Gesamentlike gemeentlike funksies
In die Nuwe Testamentiese tyd is dit van elke lid van die gemeente verwag om sy of haar Godgegewe gawes te gebruik om ander gelowiges mee op te bou en om geestelik te kan bedien: "*Jaag die liefde na, en beywer julle met die oog op die geestelike gawes, maar **veral om te profeteer**...hy wat profeteer, spreek tot die mense woorde van stigting en troos en bemoediging."* **(1 Kor.14:1-3).**

Slotsom
"...**julle is 'n uitverkore geslag, 'n koninklike priesterdom, 'n heilige volk, 'n volk as eiendom verkry, **om te verkondig** die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig..."* **(1 Pet.2:9).** Het die "julle"*** net betrekking op mans?

Die profetiese uitspraak: *"En in die laaste dae, spreek God, sal Ek van My Gees uitstort op alle vlees, en julle seuns en dogters sal profeteer..."* **(Hand. 2:17**) staan vandag nog en waar iemand wil verhoed dat vrouens mag praat, word gevaar geloop om dít wat God deur hulle wil sê, te mis!
Nick Maartens
Jeffreysbaai
O827826074